ERDVARK Staproete.

Dag 1

Stap van Boplaas, oor Tafelkop (oostekant) na Middelplaas. Oornag daar (12,9 km)

Dag 2

Stap van Middelplaas na Arendsnes. Oornag daar in 3 tente Geen toilet en lopende water. Ons voorsien water (9,8km)

Dag 3

Stap van Arendsnes na Rietvlei. Slaap daar in ou Skoolgeboutjie op matrasse wat ons voorsien. Spoeltoilet en lopende water. (15.44km)

Dag 4

Stap van Rietvlei na Grootdroom Oornag daar (15.3km)

Dag 5

Stap van Grootdroom oor die Tafelkop (westekant) na Boplaas. (12.8km) Oornag daar en vertrek volgende dag.

Om die 5 Dagroete na 7 Dagroete te verleng:

Dag 4: Slaap 2 nagte by **Grootdroom** en stap die Donkerhoeksirkelroete (8.3km)

Dag 5: Slaap 2 nagte by **Boplaas** en doen Die Aar sirkelroete (8.9km). U het ook die opsie om die staproete aan die begin van die staptoer te doen.

Akkommodasie op roete:

Boplaas, Bloubos (Charlet by Middelplaas) en Grootdroom is almal 4 slaapkamer huise met stort, bad en toilet geriewe. Huise is kompleet goed toegerus.

"Slackpacking"

Ons bied *slackpacking* aan @ R5.00 /km. Die paaie wat gebruik word om die bagasie te vervoer is oor die algemeen rowwe terrein. Vir beide die 5 dag of 7 dag roete is die afstand wat bagasie vervoer word 280km en dus 'n additionele koste van R1 400.00.